VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

11 MEI 2020
HERDERSBRIEF #20B

Geliefde gemeente,

Dissipelskap geskied op drie vlakke – in ooreenstemming met die tabernakel wat Moses moes bou; 'n voorhof, die heiligdom, en die Allerheiligste – ***Eks. 25-40***.

Christus, die Seun van God – **as lewende tabernakel;** ooreenkomstig ***Joh. 1:14*** het in die praktyk juis die drie dimensies gemanifesteer. Hy het ook die voorhangsel – *Sy vlees* – geskeur sodat die weg, tot die derde dimensie geopen is.

Hy word in die Nuwe Testament, juis aan ons voorgehou as die **"WEG; WAARHEID; en LEWE**."

**DIE WEG**:

Dit wil sê die eerste dimensie van saligheid. Deur die tent tabernakel van Moses aan ons voorgehou as die voorhof. Dit is ons ***toetrede*** tot die geloof – ***Heb. 10:22***. Hierdie aspek van ons geloofslewe, beteken dat ek sekerheid van Saligheid ontvang het. Ek glo dat my sonde vergewe is en ek is voortdurend in belydenis voor God, as gevolg waarvan ek volhardend, my oortredinge bely en in my geloof, die feit glo en aanvaar dat *Sy bloed, was en reinig my van al my sonde en ongeregtigheid* – ***1 Joh. 1:7,9***.

**DIE WAARHEID**:

Ek moet erken: dat die waarheid my vrymaak. Wat beteken dit? Om tot terme met myself te kom: te weet wie ek is en wat my swakhede is. Dit beteken ook om myself te aanvaar. Te aanvaar dat God my wil, en kan gebruik ten spyte van my swakhede. Te weet en te verstaan dat, God gebruik my nie volgens my geregtigheid nie, maar God gebruik my as gevolg van Jesus se geregtigheid. Ek moet erken dat Jesus Christus, as Seun van God die volle waarheid is, en dat wanneer ek Hom ontvang het, ek die volgende ontvang het: Jesus se wysheid, Jesus se geregtigheid, Jesus se heiligmaking en verlossing – ***1 Kor. 1:30***.

**DIE LEWE**:

Wie **navolgers** geword het van Jesus Christus, sal hulself ten doel stel, om Christus aan 'n verlore mensdom te demonstreer.

Die waarheid van: ***Ef. 2:5 "LEWEND GEMAAK SAAM MET CHRISTUS – uit genade is julle gered"*** – ***Ef. 2:6 "saam opgewek in Christus"*** –. Dit is presies wat ons tydens die doop teenoor die geesteswêreld demonstreer – ***Rom. 6:4,5*** *"Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel."* ***Vers 5*** *"Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding;"* ***Rom. 6:8*** *"As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe,"* ***Kol. 3:3*** "*Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God."*

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

**ONS GELOOFSLEWE VEREIS**, dat wat objektief – meer as 2000 jaar gelede – binne die konteks van Jesus Christus – Sy dood; Sy liggaam; Sy siel; Sy Gees deur God die Vader – 'n waarheid beginsel neergelê is, dat ons deel was van die kruisiging. Hierdie objektiewe versoening en regverdigmaking maak my deel van God se ewige familie. Ek moet dus hierdie objektiewe kennis, subjektief aanvaar, en dit van my geestelike fondasie deel maak.

In soverre dit die kruisiging betref, het daar ook – objektief – 'n opstanding plaasgevind. Dit moet ook subjektief toegepas, aanvaar en geglo word.

Die drie vlakke van toerusting, sal dus uiteindelik, balans tussen gees en verstand moontlik maak.

Die doel van dissipelskap is dus, om 'n mens wat sonde bewus is – vanuit die ***"voorhof"*** van Sy belewenis met Christus, te bring tot die derde vlak naamlik **SEUNSKAP**.

Vir die eerste keer in 17 jaar, het ons 'n amptelike uitnodiging – van die president van ILALA – ontvang. Hierdie tyd van inperking het die bedieningswerk van ILALA bemoeilik, hulle vra hulp.

Op die oomblik is daar 'n verbete stryd in die ANC aan die orde van die dag. Tydens my voorbidding, het ek insig verkry wat besig is om agter die skerms te gebeur. Dit vra intense voorbidding om met profetiese insig en die werking van die Heilige Gees, effektief te wees.

Enige vorm van voorbidding – vir leierskap om effektief te wees – beteken die **balans tussen gees en verstand**.

Alle bogenoemde feite in ag geneem, raak in sy diepste wese, **die voorbidding** en **die leiding** om God se wil te ken, en om deur die Heilige Gees gelei te word.

In die praktyk, was dit 'n moeilike paar dae. Sedert die 1ste Mei 2020, moes ons in die Gees: die wil en rigting van die Scottburgh-uitreik bepaal; vir Cyril Ramaphosa voorbidding doen; die inperking hanteer, asook die uitreik-span aan die Here toevertrou. Weer eens, was dit 'n geval van **in die Gees en met die verstand bid.**

Dit vra leierskap in eenheid en ons is dankbaar, vir die leierskap beskikbaar.

Ek maak 'n ernstige beroep op u, om saam met my voorbidding te doen.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

Haiko-gedig: 10 Mei 2020: *"Kyk op en nie af. Rykdom in Christus Jesus. Jou God sal voorsien."* ~ Barbara Nicholson.



15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335